

1 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13
Fokusgedeelte: Lukas 11:9-13

Die beste gawe – die Gees

In hierdie gedeelte leer Jesus ons deur eers die minder belangrike en dan die meer belangrike sake te noem. Jesus is self besig om te bid. Die dissipels sien en hoor dit en daarom vra hulle dat Jesus hulle ook moet leer bid. Jesus onderrig sy dissipels nou oor die gebed. Hy leer aan hulle die modelgebed, die Onse Vader, en die belangrikheid van die gebed in vers 1.

In die Onse Vader leer Jesus ook aan hulle die elemente van die gebed. Dit begin by die aanspreek van die Hemelse Vader en *die lofprysing* wat Hom alleen toekom. Daarna kom daar *die dank* vir al die goeie gawes, *die voorbidding en smeking* vir tydelike en geestelike gawes en daarna *die sondebelydenis* in verse 2-4. Hierna kom *die volharding* in die gebed. En hier leer ons die groot genade van God ons hemelse Vader: Hy het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun, Jesus Christus, gestuur het om vir ons te betaal sodat ons vir ewig sy kinders kan wees.

Hoekom verhoor God ons gebede? Dit is nie in die eerste plek om sy kinders se behoeftes te vervul nie, maar dit gaan daaroor dat God se Naam verheerlik word. God sorg egter ook so vir sy kinders, sodat sy Naam in die hele wêreld verheerlik sal word. *Die beste gawe wat God aan sy kinders skenk, is die Heilige Gees.* God vra dat ons aanhoudend elke dag moet bid, vra en God sal gee, soek en julle sal kry, klop en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, sal ontvang en elkeen wat klop, vir hom sal oopgemaak word.

Weereens sien ons dat daar van die minder na die meer belangrike toe gegaan word. Ons vra en soek en kry, maar God gee die heel beste, *die Heilige Gees*. Omdat God ons ken en ons liefhet, hoef ons nooit bang te wees vir wat God aan ons sal gee nie, Hy sal altyd vir ons die beste gee wat Hy beplan. God gee baie meer as wat ons vra. *God gee die Heilige Gees met al die goeie gawes van die Gees aan ons. Laat julle daarom met die Heilige Gees vervul.*

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. GS Kruger (Centurion)